# Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch

| | |
|---|---|
| **Verwysingsnommer van hierdie dokument** | |
| **HEMIS-klassifikasie** | |
| **Doel** | Om taalgebruik in alle aspekte van die Universiteit te reël, te bestuur en oorsigbestuur daaroor uit te oefen. |
| **Tipe dokument** | Beleidsdokument |
| **Toeganklikheid** | Algemeen (ekstern en intern) |
| **Implementeringsdatum** | 1 Januarie 2022 of so gou moontlik daarna |
| **Hersieningsdatum of -frekwensie** | Hierdie *Beleid* moet hersien word in die vyfde jaar waarin dit geld. Indien die eienaar van die *Beleid* dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidstydperk hersien word. |
| **Goedkeuringsdatum van vorige Beleid** | 22 Junie 2016 |
| **Eienaar van hierdie Beleid** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie Beleid** | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| **Goedkeuringsdatum** | 2 Desember 2021 |
| **Goedgekeur deur** | Die Raad van die Universiteit Stellenbosch, met die instemming van die Senaat |
| **Sleutelwoorde** | beleid, institusionele kommunikasie, leer- en onderrigtale, meertaligheid, taal, taalbeplanning, tolking, transtaligheid, vertaling |
| **Geldigheid** | Die Engelse weergawe van hierdie *Beleid* is die geldende weergawe, en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan. |

# Inhoudsopgawe


Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch ... 1

1. Inleiding ... 3
2. Die meertalige konteks ... 3
3. Toepassing van die Beleid ... 4
4. Doel van die Beleid ... 5
5. Mikpunte van die *Beleid* ... 5
6. Beleidsbeginsels ... 5
7. Beleidsbepalings ... 6
   - 7.1 Leer en onderrig ... 6
   - 7.2 Interne kommunikasie ... 9
   - 7.3 Eksterne kommunikasie ... 9
   - 7.4 Taalbeplanning ... 10
   - 7.5 Bevordering van meertaligheid ... 11
   - 7.6 Steun deur die Taalsentrum ... 12
8. Terugvoer, monitering en konflikbeslegting ... 12
9. Beleidsbeheer ... 14
10. Hersiening ... 14
11. Openbaarmaking ... 15
12. Verbandhoudende en stawende dokumente ... 15

Bylaag A: Woordelys van terme en afkortings ... 16

# Die kern van die Beleid

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in ’n diverse samelewing. Die *Taalbeleid* beoog om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Suid-Afrikaanse *Grondwet* en aan die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) wat betref taalgebruik in die Universiteit se akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die *Beleid* beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei, meertaligheid én waardering vir meertaligheid te bevorder, en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer. Sonder om uit die oog te verloor dat die US ook gemeenskappe oor die vasteland en die wêreld heen bedien, verbind ons onsself tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

# 1. Inleiding

By die US skep, versprei en gaan ons krities om met kennis. As deel van hierdie kreatiewe proses erken die US die diversiteit van ons samelewing, wat ons taaldiversiteit insluit, sowel as die intellektuele rykdom wat in daardie diversiteit opgesluit lê.

Die *Grondwet* verleen amptelike status aan elf tale en ag ál hierdie tale as bates wat gebruik behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die *Grondwet* bepaal dat daar nie op verbode gronde onbillik teen enigiemand gediskrimineer mag word nie. Dit bepaal voorts dat elkeen die reg het om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike Suid-Afrikaanse taal of tale van eie keuse, met inagneming van billikheid, doenlikheid, en die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

Die *Taalbeleid* beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om te verseker dat taalpraktyke pedagogies verantwoordbare leer en onderrig fasiliteer.

# 2. Die meertalige konteks

Die US volg ’n dinamiese proses om uitmuntende studente te werf, talentvolle personeellede aan te stel, en die instelling inklusief en divers te maak, wat insluit die gebruik van meer as een taal. As ’n navorsingsintensiewe universiteit, skep die US geleenthede vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede en die bevordering van individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid.

Die US is ’n nasionale bate met ’n internasionale reikwydte, en US-studente en -personeellede verteenwoordig die meeste van die taalgroepe in Suid-Afrika. Hoewel ons erken dat alle Suid-Afrikaanse en internasionale tale as kommunikasiehulpbronne dien, kies ons om ons institusioneel te verbind tot die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa, wat die drie amptelike tale van die Wes-Kaapprovinsie is. Dít doen ons in die gees van samewerking, veral met rolspelers in die streek. Die toepassing en verryking van die akademiese waarde van Afrikaans, Engels en isiXhosa bly ’n manier om ’n groot en diverse gemeenskap te bemagtig. Die kontekstuele oorwegings vir die gebruik van hierdie amptelike Suid-Afrikaanse tale by die US is soos volg:

***Afrikaans***

Afrikaans is ’n internasionaal gerekende taal wat oor verskeie dissiplines heen ’n aansienlike akademiese repertoire ontwikkel het, waartoe die US beduidend bygedra het en steeds bydra. Vaardigheid in Afrikaans ondersteun ook internasionalisering omdat dit ’n geleentheid skep vir leer en navorsing met van die Universiteit se standvastigste akademiese vennootskappe in Nederland en België.

***Engels***

Sprekers van die verskillende Suid-Afrikaanse tale gebruik dikwels Engels om met mekaar te kommunikeer, en Engels het beduidende akademiese, professionele en internasionale waarde. Daarom gebruik die US Engels gereeld, maar nie uitsluitlik nie, in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste.

***IsiXhosa***

IsiXhosa is ’n inheemse taal wat deur een van die grootste taalgemeenskappe in Suid-Afrika, en in die Wes-Kaap in besonder, gebruik word. Die US dra deur middel van sy eie inisiatiewe en in vennootskap met ander universiteite en entiteite by tot die bevordering van isiXhosa as ’n addisionele akademiese taal. Die US bevorder ook isiXhosa deur dit vir alle amptelike interne kommunikasie te gebruik soos wat die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) voorskryf.

Die *Taalbeleid* konsentreer op meer as net institusionele meertaligheid (d.w.s. die vestiging van meertalige institusionele ruimtes waar ’n diverse groep eentalige mense saambestaan); dit streef ook na individuele meertaligheid en moedig individue aktief aan om meer as een taal te gebruik. Individuele meertaligheid is ’n bate wat die US graag wil ontwikkel omdat dit sowel nasionaal as internasionaal duidelike akademiese voordele inhou. Die skep van geleenthede vir individuele meertaligheid stel individue in staat om hulle taalrepertoire uit te bou met tale of taalvariëteite in verskillende vorme en op verskillende vaardigheidsvlakke. Namate individue se ervaring van taal in kulturele verband uitbrei, word verskillende tale en kulture nie meer in streng afsonderlike kompartemente beskou nie, maar verander dit in ’n veeltalige kommunikasievaardigheid waartoe alle kennis en ervaring van taal bydra, en waarin tale met mekaar verband hou en op mekaar inwerk. Transtaligheid in die klaskamer is een so ’n veeltalige praktyk. Hoewel dit belangrik is dat studente ruimte gegun word om instrumente soos transtaligheid te gebruik om informeel in die klaskamer te kommunikeer, behoort hulle ook taal/tale formeel te bestudeer, en te leer hoe om die akademiese en tegniese registers daarvan te gebruik.

Meertaligheid strek egter ook verder as ’n individu se bereidheid om meer as een taal te leer en te gebruik. Die *Taalbeleid* konsentreer ook op die bevordering van inklusiwiteit en ’n waardering vir die waarde van diversiteit. Derhalwe is meertaligheid ook ’n gesindheid. Meertaligheid rus studente toe om ’n groter en meer diverse kundigheidsbasis te ontgin; om met die samelewing om te gaan op ’n manier wat tot die hart spreek, en nie net tot die verstand nie; om dinamiese beroepslui te wees wat beter daartoe in staat is om probleemoplossings-, luister- en interpersoonlike vaardighede aan die dag te lê, en afgeronde individue wat ingeligte besluite kan neem op grond van meer as net hulle eie denke. In die praktyk sal hierdie gesindheid hom byvoorbeeld manifesteer in institusionele byeenkomste waar taalvereistes deur aanvanklike kontroles bepaal word en waar transtaligheid voorkom. Dit sou hom ook manifesteer in individue se bereidheid om ’n verskeidenheid tale te leer en te gebruik.

# 3. Toepassing van die Beleid

Die *Taalbeleid* is van toepassing op die hele Universiteit, wat insluit personeellede en studente in hulle hoedanigheid as persone verbonde aan die US, fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings, studentegemeenskappe, en oorsigbestuur- en bestuursliggame van die US.

## 4. Doel van die Beleid

Die doel van die *Taalbeleid* is om taalgebruik in alle aspekte van die Universiteit te reël, te bestuur en oorsigbestuur daaroor uit te oefen.

## 5. Mikpunte van die *Beleid*

5.1 Om uitvoering te gee aan artikels 29(2) (taal in onderwys) en 29(1)(b) (toegang tot hoër onderwys) van die *Grondwet*, gelees in samehang met artikel 9 (gelykheid en die verbod op direkte en indirekte onbillike diskriminasie).

5.2 Om uitvoering te gee aan die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020), wat vasgestel is ingevolge artikels 3 en 27(2) van die *Wet op Hoër Onderwys* 101 van 1997.

5.3 Om by te dra tot die verwesenliking van die US se visie, soos dit in die Universiteit se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* vervat is, ten einde inklusiwiteit en billike toegang tot die US moontlik te maak vir alle voornemende en huidige studente sowel as personeellede, in die strewe na uitnemendheid.

5.4 Om doeltreffende leer en onderrig, navorsing sowel as dienslewering by die US te fasiliteer aan die hand van die instelling se kern strategiese temas: ’n florerende Universiteit Stellenbosch, ’n transformerende studente-ervaring, doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, navorsing vir impak, en voorkeurwerkgewer.

5.5 Om individuele en institusionele meertaligheid as ’n belangrike kenmerk van die US te bevorder ten opsigte van hoe die Universiteit funksioneer, hoe studente leer, en die gedifferensieerde graduandi-eienskappe wat in akademiese programme en ko-kurrikulêre aktiwiteite ontwikkel word.

## 6. Beleidsbeginsels

Die *Taalbeleid* is gegrond op die volgende normatiewe grondbeginsels, wat alle aspekte van die vertolking en implementering van die *Beleid* moet rig:

6.1 Ingevolge die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) behoort individuele en samelewingsmeertaligheid beskou te word as "’n hulpbron om kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehang en respek vir alle tale te fasiliteer".[1]

6.2 Taal aan die US streef daarna om toegang tot akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste te verbreed en sukses in daardie kontekste te ondersteun, en behoort nie ’n hindernis vir studente of personeellede daar te stel nie. Dít is veral belangrik in die lig van die grondwetlike vereistes om die gevolge van vorige diskriminasie reg te stel, en te verseker dat daar geen direkte of indirekte onbillike diskriminasie van watter aard ook al teen huidige of voornemende personeellede en studente van die US plaasvind nie.

6.3 Alle aspekte van die *Taalbeleid* en die implementering daarvan in leer en onderrig behoort pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer.

In voortbouing op die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3 hierbo, moet die volgende beginsels ook in ag geneem word wanneer hierdie *Beleid* vertolk en die implementering daarvan gerig word:

---

[1] Eie vertaling; dokument slegs in Engels uitgereik.

6.4 Die US respekteer die tale en taalvariëteite wat sy studente en personeellede gebruik, en erken hulle taalvoorkeure en taalvaardigheidsvlakke.

6.5 Die US erken die komplekse rol van taal in ons samelewing. Alle tale word as hulpbronne vir doeltreffende kennisbou beskou.

6.6 Die US gebruik die instelling se gekose tale op so ’n wyse dat dit alle studente, personeellede en ander belanghebbendes insluit.

6.7 Die US erken dat akademiese geletterdhede en die gebruik van akademiese tale uit stelle komplekse praktyke bestaan wat verband hou met die manier waarop dissiplines kennis skep. Hierdie praktyke word die beste ontwikkel in akademiese dissiplines en op hulle verbandhoudende vakgebiede.

6.8 Die US vestig gepaste taaldienste en dienste vir die ontwikkeling van akademiese personeellede om die implementering van die *Taalbeleid* te ondersteun.

6.9 Die *Taalbeleid* en die implementering daarvan word gerig deur wat in spesifieke kontekste redelikerwys doenlik is. Tersaaklike faktore wat oorweeg moet word, sluit in, maar is nie beperk nie tot, die drie normatiewe grondbeginsels in 6.1 tot 6.3 hierbo, die getal studente wat by ’n spesifieke implementeringsmetode sal baat vind, die akademiese taalvaardigheid van die betrokke studente, die beskikbaarheid en akademiese taalvaardigheid van personeellede, rooster- en lokaalbeperkings, sowel as die US se beskikbare hulpbronne, en die mededingende aansprake op daardie hulpbronne.

# 7. Beleidsbepalings

Die beleidsbeginsels in paragraaf 6 gee aanleiding tot die volgende bindende beleidsbepalings:

## 7.1 Leer en onderrig

7.1.1 In die gees van transtaligheid word ruimte vir die buigsame gebruik van leer- en onderrigtale in tutoriale en praktika, konsultasies, studiegroepe, leersteunomgewings en op aanlyn leerplatforms voorsien. Hoewel Afrikaans en Engels die US se primêre leer- en onderrigtale is (soos hieronder beskryf word), word transtaligheid in veelvuldige tale aangemoedig om leer te ondersteun en te verryk.

7.1.2 Voorgraadse modules word aangebied deur enige van die maatreëls wat in paragrawe 7.1.3, 7.1.4 en 7.1.5 of, in die geval van voorgraadse modules op vlak 8 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), paragraaf 7.1.8 hieronder uiteengesit word.

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie in programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word inhoud ook in Afrikaans opgesom of beklemtoon. Vrae in Afrikaans en Engels word, waar dit redelikerwys doenlik is, in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op versoek van ’n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.

7.1.5 In die volgende gevalle sal voorgraadse lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US gedurende elke lesing simultane Engelse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. Indien die lesings in Engels is, stel die US gedurende elke lesing van eerstejaarmodules simultane Afrikaanse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane Afrikaanse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op versoek van ’n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdiens in ’n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.

(b) Benewens lesings, en waar dit redelikerwys doenlik is, word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.

7.1.5.3 Waar alle studente in’n klasgroep genooi is om deur middel van ’n geheime stemming te stem, en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige akademiese taalvaardigheid het en instem om dit te doen.

7.1.6 Benewens lesings, en op grond van studente se behoeftes sowel as doenlikheid, kan die US ’n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategieë voorsien,

byvoorbeeld opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal en lesings, wat in Engels en/of Afrikaans, en, in sommige gevalle, isiXhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal, aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening.

7.1.7 Die leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:

7.1.7.1 Alle voorgeskrewe leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor die taal self handel.

7.1.7.2 Voorgeskrewe leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien waar dit redelikerwys doenlik is.

7.1.7.3 US-moduleraamwerke en -studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

7.1.7.4 Waar dit redelikerwys doenlik is en daar ’n pedagogiese behoefte bestaan, word isiXhosa en ander tale gebruik om konsepte verder vas te lê, byvoorbeeld deur die insluiting van meertalige woordelyste met kernbegrippe en akademiese terme.

7.1.8 In nagraadse leer en onderrig (met die uitsondering van assesserings waarmee onder paragraaf 7.1.9 hieronder gehandel word), met inbegrip van voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7, kan Engels of enige ander taal of tale gebruik word, mits die dosent(e) en ál die studente akademies vaardig is in die ander taal of tale.

7.1.9 Vraestelle in voorgraadse modules, ingesluit voorgraadse modules op NKR vlak 8, is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk inlewer in hetsy Afrikaans of Engels of, deur voorafreëling en indien die dosent vaardig is om die assessering in isiXhosa na te sien, in isiXhosa.

7.1.10 Vraestelle in nagraadse modules is in ten minste Engels beskikbaar. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle geskrewe werk inlewer in Engels of, deur voorafreëling en indien die dosent en moderator / eksterne eksaminator vaardig is om die assessering in Afrikaans of isiXhosa na te sien, in Afrikaans of isiXhosa.

7.1.11 Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos Braille of grootdruk nodig het om te kan kommunikeer en inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar nie, behoort die betrokke personeellid die US se Braille-kantoor te nader om die beskikbaarstelling van die alternatiewe tekste deur daardie kantoor te ondersteun.

7.1.12 Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal die primêre taal vir sommige Dowe persone is, sal ’n Gebaretaaltolk en/of intydse onderskrifte gedurende lesings, tutoriale en die vernaamste openbare US-geleenthede beskikbaar wees waar dit vereis word en redelikerwys doenlik is.

7.1.13 Fakulteite kan in spesifieke gevalle ’n vrystelling van die beleidsbepalings in hierdie paragraaf 7.1 motiveer, maar slegs as die vrystelling:

7.1.13.1 met die beginsels van hierdie *Beleid* strook; en

7.1.13.2 geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat die Universiteit voorsien, pedagogiese kwessies, of fakulteitspesifieke oorwegings; en

7.1.13.3 goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, saam met die regverdiging voorgelê word aan die Senaat, en finaal goedgekeur word deur die Senaat, of, in dringende gevalle, die Uitvoerende Komitee van die Senaat.

### 7.2 Interne kommunikasie

7.2.1 Alle amptelike interne institusionele kommunikasie sal in Afrikaans, Engels en isiXhosa wees. Die isiXhosa-vertaling van bestaande beleide wat tans slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar is, sal van 2022 tot 2024 ingefaseer word, teen ’n derde van die totale getal beleide per jaar.

7.2.2 Die voertaal of -tale by interne vergaderings moet daarop gerig wees om te verseker dat almal ingesluit word en kan deelneem.

7.2.3 Mondelinge of skriftelike navrae en versoeke deur studente en personeellede word, waar dit redelikerwys doenlik is, in die taal van die navraag of versoek hanteer.

7.2.4 Afrikaans, Engels en isiXhosa word oordeelkundig by amptelike geleenthede soos amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede en intreelesings gebruik.

7.2.5 In studentegemeenskappe word taal op ’n wyse gebruik wat verseker dat, waar dit redelikerwys doenlik is, almal ingesluit word en kan deelneem.

7.2.6 Die volgende bepalings geld vir die gebruikerkoppelvlakke van inligtingstegnologie- (IT-)sagteware- en mobiele toepassings, sowel as webinhoudsbestuurstelsels:

7.2.6.1 Waar meertalige gebruik redelikerwys doenlik is (soos waar die US die ontwikkeling van ’n sagtewaretoepassing kan beïnvloed, of waar ’n toepassing dit ondersteun, of die US self ’n toepassing bou), ondersteun die US Afrikaans en Engels, na gelang van gebruikers se taalvoorkeur.

7.2.6.2 Waar kommersiële sagtewaretoepassings gebruik word wat nie meertaligheid ondersteun nie, is Engels die verstekgebruikstaal.

7.2.6.3 Waar gebruikers se taalvoorkeur onbekend is, is die verstektaal Engels.

7.2.7 Die volgende bepalings geld vir inligtingstelsel- of sagtewaretoepassingsdata:

7.2.7.1 Waar dit redelikerwys doenlik is, behoort data wat op ’n individu betrekking het meertalig te wees.

7.2.7.2 Waar dataontwerp vir meertaligheid voorsiening maak, en waar dit haalbaar is, behoort die verbandhoudende gebruikerkoppelvlakke meertalige datavaslegging te ondersteun.

7.2.7.3 Waar dataontwerp vir slegs ’n enkele taal voorsiening maak, word Engels gebruik.

7.2.7.4 Vir alle ander data word Engels gebruik.

### 7.3 Eksterne kommunikasie

7.3.1 Die US se tale vir eksterne kommunikasie is Afrikaans en Engels en, waar dit redelikerwys doenlik is, isiXhosa.

7.3.2 Die US respekteer die taalbeleide en -voorkeure van sy belanghebbendes, vennote en eksterne korrespondente, en sal vir hulle voorkeure voorsiening maak in soverre dit redelikerwys doenlik is. Waar die US nie oor die vermoë

beskik om vir die taalvoorkeur voorsiening te maak nie, is Engels die kommunikasiemiddel.

7.3.3 Die gebruikerkoppelvlakke van IT-stelsels of -toepassings vir belanghebbendes word soos in 7.2.6 hanteer. Voorbeelde is gebruikerkoppelvlakke vir alumni, skenkers en ouers of voogde.

### 7.4 Taalbeplanning

7.4.1 Die Viserektor: Leer en Onderrig kom jaarliks met die dekane van die fakulteite ooreen oor meganismes om aanspreeklikheid vir die implementering van hierdie *Beleid* te verseker, wat ten minste insluit die jaarverslag oor die verwesenliking van die taalimplementeringsplan van elke fakulteit (sien 8.1) en die voldoeningsverslag wat ná elke semester ingedien word (sien 8.2), met behoorlike inagneming van die beleidsbeginsels wat in paragraaf 6 uiteengesit word, sowel as van paragrawe 7.4.2.1 tot 7.4.2.3. Teen nie later nie as die laaste Raad- en Senaatsvergaderings van elke jaar doen die Viserektor: Leer en Onderrig, via die Rektoraat en die Senaat, aan die Raad verslag oor die aanspreeklikheidsmeganismes waaroor daar met die oog op die daaropvolgende jaar met die dekane van die fakulteite ooreengekom is.

7.4.2 Elke fakulteit beskryf sy implementering van hierdie *Beleid* in sy taalimplementeringsplan, wat daarop gerig moet wees om te verseker dat alle modules toeganklik is en dat meertaligheid doelgerig bevorder word sodat:

7.4.2.1 die Engelse aanbod in stand gehou word ten einde volle toeganklikheid tot die US te bewerkstellig vir akademies verdienstelike voornemende en huidige studente wat verkies om in Engels te studeer;

7.4.2.2 die Afrikaanse aanbod so bestuur word dat toegang tot die US gehandhaaf word vir studente wat verkies om in Afrikaans te studeer, en Afrikaans verder ontwikkel word as ’n onderrigtaal waar dit redelikerwys doenlik is; en

7.4.2.3 isiXhosa gebruik word waar en in die mate waarin dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is.

7.4.3 Ten minste een maal per jaar hersien elke fakulteit sy gebruik van taal vir leer en onderrig, en neem die taalreëlings in sy taalimplementeringsplan op. Hierdie plan word aan die Senaat voorgelê, via die fakulteitsraad en die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) van die Senaat. Die Senaat is by magte om die fakulteit se taalimplementeringsplan hetsy te aanvaar of na die fakulteit terug te verwys, hetsy met of sonder voorwaardes. Ná aanvaarding word die taalreëlings vir leer en onderrig in ’n bepaalde module in die betrokke moduleraamwerke gepubliseer.

7.4.4 Veranderings aan die taalreëlings in ’n fakulteit se taalimplementeringsplan wat buite die gereelde hersieningsproses val, maar vereis word deur, byvoorbeeld, ’n spesifieke studentegroep se voorkeuronderrigtaal, pedagogiese oorwegings, of die onbeskikbaarheid van ’n dosent met die nodige taalvaardigheid, kan aangebring word deur die betrokke departementele voorsitter en dekaan, ná oorlegpleging met die fakulteit se studentekomitee oor akademiese aangeleenthede. Hierdie veranderings word by die daaropvolgende fakulteitsraad- en Senaatsvergaderings voorgelê. Die studente in die spesifieke modules word so gou as wat prakties moontlik is van die veranderings, sowel as die redes vir die veranderings, ingelig.

7.4.5 Elke verantwoordelikheidsentrum (VS), waaronder professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings, sowel as studentegemeenskappe hersien gereeld hulle gebruik van taal in hulle onderskeie omgewings en neem hulle taalreëlings in hulle onderskeie taalimplementeringsplanne op. Hierdie planne word op VS-vlak versamel en aan die Senaat voorgelê, via die ABK van die Senaat. Die Senaat is by magte om die VS se taalimplementeringsplanne hetsy te aanvaar of na die VS terug te verwys, hetsy met of sonder voorwaardes.

## 7.5 Bevordering van meertaligheid

7.5.1 Die Taalsentrum, fakulteite, taaldepartemente, professionele akademiese en administratiewe steundienste, oorsigbestuur- en bestuursliggame sowel as studente is medeverantwoordelik vir die bevordering van individuele en institusionele meertaligheid by die US.

7.5.2 Die US bevorder en spoor innoverende meertaligheid- en transtaligheidspraktyke aan deur institusionele finansiering te voorsien vir, byvoorbeeld, die uitbreiding van onderrig in meer as een taal in fakulteite, die uitvoering van taalnavorsing, die uitruil van goeie meertaligheid- en transtaligheidspraktyke, die voorsiening van die infrastruktuur en professionele ontwikkeling om IKT-verrykte leerstrategieë te gebruik, die ondersteuning van dissiplinespesifieke inisiatiewe vir akademiese geletterdhede, en die bevordering van samewerking tussen en oor instellings heen, veral samewerking wat daarop uit is om amptelike en ander Suid-Afrikaanse tale te ontwikkel en te versterk.

7.5.3 Die US ondersteun vakkundige inhoud wat in Afrikaans ontwikkel word, en die voortgesette gebruik van Afrikaans as ’n wetenskaplike taal deur die hele Universiteit. Die US bevorder die akademiese waarde van Afrikaans deur middel van, byvoorbeeld, onderrig en die uitvoering van navorsing in en oor Afrikaans; die aanbieding van simposiums en kortkursusse, ondersteuning aan taalonderwysers en die ontvangs van gasdosente in Afrikaans; die aanbieding van kursusse in Afrikaans-taalverwerwing; die ontwikkeling van akademiese en professionele geletterdhede in Afrikaans; die ondersteuning van lees- en skryfontwikkeling in Afrikaans; die voorsiening van taaldienste, wat insluit Afrikaanse vertaling en die redigering sowel as dokumentontwerp van Afrikaanse tekste; die ontwikkeling van meertalige woordelyste met Afrikaans as een van die tale; die ondersteuning van toegang tot wetenskaplike tekste in Afrikaans, en die bevordering van Afrikaans deur akademiese publikasies (op relevante navorsingsgebiede waar daar sinvol met die teikengroep omgegaan kan word) en populêr-wetenskaplike publikasies in die algemene media.

7.5.4 IsiXhosa, as inheemse formele akademiese taal, geniet besondere aandag met die doel om dit geleidelik in verskeie dissiplinêre domeine bekend te stel, wat na gelang van studentebehoeftes geprioritiseer word op ’n goed beplande, goed georganiseerde en stelselmatige wyse, waar dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is. Die akademiese rol en leierskap van die Departement Afrikatale, deur dié departement se uitgebreide ervaring van sowel onderrig as navorsing op ’n gevorderde vlak op taal- en taalkundige gebied, sal ten volle ontgin word. In sekere programme word isiXhosa reeds gebruik met die oog op die fasilitering van doeltreffende leer en onderrig, veral waar die gebruik van isiXhosa belangrik kan wees vir loopbaandoeleindes. Die US is daartoe verbind om die gebruik van isiXhosa uit te brei in soverre dit redelikerwys doenlik en pedagogies verantwoordbaar is, byvoorbeeld deur onderwyseropleiding, kortkursusse in basiese kommunikasievaardighede vir

personeellede en studente, loopbaanspesifieke kommunikasie, dissiplinespesifieke terminologiegidse (gedruk en mobiele toepassings) en taalgidse.

7.5.5 Ter voldoening aan die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) en op die Universiteit se eie inisiatief, sal die US se omgewings, waaronder die Departement Afrikatale en die Taalsentrum, versterk word sodat hulle amptelike Suid-Afrikaanse tale buiten Afrikaans, Engels en isiXhosa in tale van leer en onderrig, akademieskap sowel as navorsing in Suid-Afrika kan ontwikkel. Die Universiteit sal ook strategieë en geleenthede ondersoek en dokumenteer om saam te werk aan die intellektualisering van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale in die hoër onderwys in Suid-Afrika, en die studie en ontwikkeling van die Khoi-, Nama- en Santale.

7.5.6 Die US sal steeds die studie van internasionale tale bevorder, en ook aan die marginalisering van inheemse tale aandag gee. In soverre sulke programme en modules onder die fakulteite Opvoedkunde en Lettere en Sosiale Wetenskappe sowel as die Taalsentrum ressorteer, sal die US, waar dit prakties doenlik is, bystand verleen met die opleiding van voldoende taalonderwysers, tolke, vertalers en ander taalpraktisyns om in die behoeftes van Suid-Afrika se meertalige samelewing te voorsien.

**7.6 Steun deur die Taalsentrum**

Die Taalsentrum lewer taalsteundienste met die oog op die doeltreffende implementering van die *Taalbeleid*, in samewerking met die fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings, en bestuursliggame. Dít word gedoen deur die voorsiening van, byvoorbeeld, lees- en skryfontwikkelingsteun; taaldienste, wat vertaal-, tolk- en redigeerdienste insluit; modules in professionele kommunikasie, in akademiese geletterdhede, en in taalverwerwing vir Afrikaans, Engels, isiXhosa en Suid-Afrikaanse Gebaretaal, en navorsing oor taal en taalgebruik. Die fakulteite, professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings sowel as oorsigbestuur- en bestuursliggame kan, ná oorlegpleging met die Taalsentrum, ook hulle eie bykomende taalsteun voorsien.

# 8. Terugvoer, monitering en konflikbeslegting

8.1 Elke fakulteit en verantwoordelikheidsentrum sowel as die Studenteraad dien een keer per jaar ’n verslag by die Rektoraat in, teen ’n datum wat die Viserektor: Leer en Onderrig bepaal, wat ’n uiteensetting bied van:

8.1.1 enige struikelblokke wat hulle met die implementering van die *Taalbeleid* ervaar het;

8.1.2 enige meganismes, strategieë of tegnieke wat die implementering van die *Beleid* verbeter het, of wat die doelwitte van die *Beleid* beter kan bevorder; en

8.1.3 enige voorstelle vir wysigings aan die *Beleid.*

8.2 Elke fakulteit doen ná elke semester skriftelik aan die Viserektor: Leer en Onderrig verslag oor sy voldoening aan sy taalimplementeringsplan gedurende daardie semester. Waar daar nievoldoening was, bevat die verslag ’n volledige beskrywing van elke geval, die redes daarvoor, en die stappe wat die fakulteit doen of sal doen om toekomstige afwykings van die taalimplementeringsplan te verhoed.

8.3 Die Viserektor: Leer en Onderrig kan na eie goeddunke ’n Taalbeplanning-en-bestuurs- (TBB-)advieskomitee aanstel om werksaamhede te verrig wat daaraan

toegewys word. Sodanige werksaamhede kan insluit: bystand met die verwerking van taalimplementeringsplanne en -verslae om goeie praktyke en kwessies vir verdere beraadslaging uit te wys, en om aanbevelings vir verbetering deur fakulteite en/of professionele akademiese en administratiewe steundienste te doen. Die Viserektor: Leer en Onderrig kan hierdie aanbevelings vir insluiting by die Leer en Onderrig-jaarverslag aan die Raad oorweeg.

8.4 Die Viserektor: Leer en Onderrig stel ’n jaarverslag oor aangeleenthede rakende die *Beleid* op vir voorlegging aan die Raad, via die Rektoraat, Senaat en die Taalkomitee van die Raad. Vir die doel van hierdie jaarverslag neem die Viserektor: Leer en Onderrig die verslae in paragrawe 8.1 en 8.2 hierbo, sowel as die terugvoer van die TBB-advieskomitee (8.3), in ag. Die doelwitte van die verslag is onder meer om probleemgebiede te hanteer en kennis binne die Universiteit uit te ruil.

8.5 Studente wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die *Taalbeleid* behoort die volgende prosedures te volg:

8.5.1 In geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak soos wat die betrokke fakulteit se appèl-/klagteprosedure voorskryf. Waar so ’n prosedure nie bestaan nie, word klagtes ingedien by (in hierdie voorkeurorde) die betrokke personeellid, die departementele voorsitter of hoof, of die dekaan. Klagtes wat nie bevredigend op fakulteitsvlak opgelos word nie en met akademiese kontekste verband hou, kan via die Akademiese Belangeraad (ABR) na die ABK verwys word. Indien dit nie op ABK-vlak opgelos word nie, verwys die ABK die aangeleentheid na die Senaat, tesame met ’n aanbeveling.

8.5.2 In geval van implementering deur professionele akademiese en administratiewe steundiensteafdelings word klagtes aanhangig gemaak by die betrokke lynbestuurder of, vir die groter Universiteit, by die Rektoraat via die dagbestuur van die Studenteraad.

8.5.3 In geval van implementering in studentegemeenskappe word klagtes aanhangig gemaak by die huiskomitee of die inwonende hoof. Klagtes wat nie bevredigend op koshuis- of Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)vlak opgelos word nie, kan aan die Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe gerig of, indien dit nodig is, verder na die Senior Direkteur: Studentesake verwys word.

8.5.4 Waar die gebruik van bogenoemde prosedures nie gepas is nie, kan klagtes by die US Ombud ingedien word, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture sal besleg.

8.6 Personeellede wat voel hulle word negatief geraak deur die implementering van die *Taalbeleid* behoort die volgende prosedures te volg:

8.6.1 In geval van implementering deur fakulteite word klagtes aanhangig gemaak by (in hierdie voorkeurorde) die departementele voorsitter, of die dekaan.

8.6.2 In geval van implementering deur professionele akademiese en administratiewe steundienste word klagtes aanhangig gemaak by die betrokke lynbestuurder of, vir die groter Universiteit, by die Rektoraat, via die Viserektor: Leer en Onderrig.

8.6.3 Waar die gebruik van bogenoemde prosedures nie gepas is nie, kan klagtes by die US Ombud ingedien word, wat die saak in oorleg met die betrokke strukture sal besleg.

# 9. Beleidsbeheer

## 9.1 Rolle

9.1.1 Die **eienaar** van hierdie *Beleid* is die Viserektor: Leer en Onderrig, wat verantwoordelik is vir die verrigting van die werksaamhede wat ingevolge die bepalings van hierdie *Beleid* aan die Viserektor: Leer en Onderrig opgedra word, sowel as die verdere werksaamhede hieronder:

9.1.1.1 Die voorsiening van leiding aangaande die vertolking en implementering van hierdie *Beleid*

9.1.1.2 Die aanvoorwerk vir, en toesig oor, die hersiening van hierdie *Beleid*

9.1.1.3 Die aanstelling van ’n kurator vir hierdie *Beleid* uit die Afdeling Leer- en Onderrigverryking, en toesig oor die kurator se funksionering

9.1.1.4 Die uitreiking en kommunikasie van hierdie *Beleid*, en monitering om te sorg dat dit doeltreffend geïmplementeer word

9.1.1.5 Toesig oor die funksionering van die TBB-advieskomitee, indien sodanige komitee aangestel word

9.1.2 Die **kurator** van hierdie *Beleid* waarna paragraaf 9.1.1.3 verwys, is daarvoor verantwoordelik:

9.1.2.1 om as voorsitter en bestuurder van die TBB-advieskomitee op te tree, indien sodanige komitee aangestel word;

9.1.2.2 om die Universiteit se taalbeplanning-en-bestuursprosesse te koördineer, daaroor toesig te hou en dit te moniteer;

9.1.2.3 om bewustheid te skep van die *Taalbeleid*; en

9.1.2.4 om een of meer taakgroepe byeen te roep om hierdie *Beleid* te hersien, wanneer so ’n hersieningsproses aangevoor word.

9.1.3 Die Taalkomitee van die Raad is daarvoor verantwoordelik om die Raad by te staan om hulle algemene toesigrol ten opsigte van taalkwessies by die Universiteit, wat die implementering van hierdie *Beleid* insluit, na te kom, en om enige voorgestelde wysigings of vervangings van hierdie *Beleid* te oorweeg.

9.1.4 Die Raad het ’n algemene toesigverantwoordelikheid wat betref taalkwessies by die Universiteit, wat die implementering van hierdie *Beleid* insluit, en keur die *Taalbeleid* goed met die instemming van die Senaat en ná oorlegpleging met die Institusionele Forum.

9.1.5 Die Senaat het ’n akademiese toesigverantwoordelikheid, en die Senaat se instemming word vereis voordat die Raad die *Taalbeleid* kan goedkeur.

# 10. Hersiening

10.1 Taalbeleidvorming en -implementering is dinamiese prosesse.

10.2 Die Viserektor: Leer en Onderrig:

10.2.1 fasiliteer die toetsing van die *Taalbeleid* aan die hand van veranderende omstandighede deur middel van navorsing oor die implementering, monitering en impak van die *Beleid.*

10.2.2 fasiliteer gereelde oorlegpleging met die groter US-gemeenskap oor sake rakende die *Taalbeleid.*

10.2.3 publiseer inligting wat uit sodanige navorsing en oorlegpleging spruit.

10.2.4 voor na eie goeddunke ’n hersiening van die *Taalbeleid* met die oog op die moontlike wysiging of vervanging daarvan aan, en hou toesig oor die proses.

10.3 Die *Taalbeleid* moet hersien word in die vyfde jaar waarin dit geld. Indien die eienaar van die *Beleid* dit nodig ag, kan dit vroeër of meer as een keer in die geldigheidstydperk hersien word.

# 11. Openbaarmaking

Die *Taalbeleid* is ’n openbare dokument en word op die webtuiste van die Universiteit gepubliseer.

# 12. Verbandhoudende en stawende dokumente

| Nr. | Dokumentnaam | Status |
|---|---|---|
| 1. | Konseptuele Raamwerkdokument vir Akademiese Geletterdhede aan die Universiteit Stellenbosch, 2020 | Institusionele raamwerk wat die Komitee vir Leer en Onderrig op 17 September 2020 aanvaar het |
| 2. | Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Op 8 Mei 1996 deur die Grondwetlike Vergadering aanvaar en op 11 Oktober 1996 gewysig |
| 3. | Beleid oor Gestremdheidstoegang, 2018 | Institusionele beleid wat die US Raad op 26 Maart 2018 goedgekeur het |
| 4. | Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, soos gewysig | Aanvanklik op 19 Desember 1997 in Staatskoerant 18515 gepubliseer |
| 5. | Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) | Op 30 Oktober 2020 in Staatskoerant 43860 gepubliseer |
| 6. | Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000 | Op 9 Februarie 2000 in Staatskoerant 20876 gepubliseer |
| 7. | Wet op Gebruik van Amptelike Tale 12 van 2012 | Op 2 Oktober 2012 in Staatskoerant 35742 gepubliseer |
| 8. | US-reglement: Taalkomitee van die Raad (2016) | Op 26 September 2016 deur die Raad goedgekeur |
| 9. | US-reglement of -taakomskrywing: Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee (sal opgestel word indien so ’n komitee aangestel word) | Sal opgestel word |

## Bylaag A: Woordelys van terme en afkortings

Hierdie woordelys is ’n bylaag by die *Taalbeleid* en kan, met die goedkeuring van die Akademiese Beplanningskomitee, bygewerk word met die mees relevante taalverwante terminologie en afkortings wat by die Universiteit Stellenbosch in gebruik is.

| | |
|---|---|
| **ABK** | Die **Akademiese Beplanningskomitee** is ’n staande subkomitee van die Senaat. |
| **ABR** | Die **Akademiese Belangeraad** is ’n studenteleierskapstruktuur wat uit die verkose klasverteenwoordigers van elke fakulteit bestaan. |
| **Akademiese geletterdhede** | **Akademiese geletterdhede** verwys na die vereiste diskoersvaardighede vir sukses in die hoër onderwys in teks-, digitale, visuele, gebare-, syfer- en ander kommunikasievorme eie aan én oor verskillende dissiplines. ’n Individu wat vaardig is in die akademiese geletterdhede van ’n dissipline sal oor **akademiese taalvaardigheid** in daardie dissipline beskik. |
| **Amptelike interne institusionele kommunikasie** | **Amptelike interne institusionele kommunikasie** verwys na alle kommunikasie van die Kanselier, Raad, Senaat, die Rektor, ’n Viserektor, die Bedryfshoof of die Registrateur aan die hele Universiteit. |
| **Amptelike Suid-Afrikaanse tale** | **Amptelike Suid-Afrikaanse tale**, soos wat die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) dit omskryf, is die elf amptelike tale van Suid-Afrika wat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996, gespesifiseer word, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga. |
| **Epistemiese toegang** | **Epistemiese toegang** of epistemologiese toegang is die proses van suksesvolle kennisverwerwing, -skepping en -verspreiding deur middel van instaatstellende leer- en onderrigpedagogieë. |
| **IKT** | Inligtingskommunikasietegnologie |
| **Inheemse tale** | **Inheemse tale**, soos wat die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) dit omskryf, is tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en wat tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar “Bantoe” alleenlik as ’n taalkundige term gebruik word.[2] |
| **IT** | Inligtingstegnologie |
| **Meertaligheid** | **Meertaligheid** is die gebruik van meer as een taal vir verskeie doeleindes, op verskillende vaardigheidsvlakke. Individuele meertaligheid (of veeltaligheid) verwys na ’n persoon se repertoire van taalgebruik, byvoorbeeld Sesotho vir basiese gesprekke in diensleweringsomstandighede, Engels vir akademiese studie, en isiXhosa vir kommunikasie in gesinsverband. In die literatuur oor meertaligheid verwys samelewingsmeertaligheid na formele taalreëlings (of -beleide) in gemeenskappe waar sprekers van verskillende tale saambestaan. Samelewingsmeertaligheid impliseer nie noodwendig individuele meertaligheid nie. Institusionele meertaligheid is op sy beurt ’n tipe samelewingsmeertaligheid wat weerspieël word in die aktiwiteite en beleide van ’n organisasie, en impliseer ook nie noodwendig individuele meertaligheid nie. Daarbenewens is meertaligheid ’n gesindheid, wat ’n waardering vir diversiteit insluit. |

[2] Die US ondersteun die siening dat Afrikaans en die Khoi-, Nama- en Santale inheemse tale is.

| | |
|---|---|
| **Nagraadse kwalifikasies** | **Nagraadse kwalifikasies** is geakkrediteerde programme wat op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk geregistreer is en waarvoor die minimum toelatingsvereistes ’n toepaslike diploma op NKR-vlak 6 of ’n baccaulareusgraad op NKR vlak 7 of hoër is, soos wat die Hoëronderwyskwalifikasiesubraamwerk voorskryf. Nagraadse kwalifikasies sluit in die gevorderde diploma, honneursgraad, nagraadse diploma, magistergraad en doktorsgraad. |
| **NKR** | Nasionale Kwalifikasieraamwerk |
| **Pedagogiese behoefte** | **Pedagogiese behoefte** verwys na leeromgewings en -geleenthede wat epistemiese toegang moontlik maak, diverse leervoorkeure fasiliteer, aktiewe studie in die hand werk, die middele voorsien om begrip en insig te verkry, en die konstruksie van robuuste (kenners)identiteite bevorder. |
| **Pedagogies verantwoordbaar** | **Pedagogies verantwoordbare** leerfasilitering voorsien in studente se pedagogiese behoefte deur die “toepassing van outentieke beginsels op die ontwerp van leer vir die hoër onderwys”. Hierdie beginsels sluit in “relevansie vir die werklike wêreld”, “veelvuldige sienings”, “gesamentlike kennisbou” en “outentieke assessering”.[3] (Herrington, A & Herrington, J. 2008. *What is an Authentic Learning Environment?* IGI Global.) |
| **PSO** | Privaatstudenteorganisasie |
| **Studentegemeenskappe** | **Studentegemeenskappe** is luister-, leef- en leeromgewings waartoe alle studente behoort, vernaamlik universiteitskoshuise, PSO’s en residensiële onderwys- (ResEd-)klusters (wat as ’n bykomende studentegemeenskap dien waartoe elke student behoort). Lidmaatskap van studentegemeenskappe bied studente die geleentheid om aan komiteestrukture, verenigings en sportklubs deel te neem en vir ko-kurrikulêre ervaringsleeraktiwiteite in te skryf. |
| **TBB-advieskomitee** | Taalbeplanning-en-bestuursadvieskomitee |
| **Tolking** | **Tolking** is ’n aktiwiteit wat beoog om gesproke of gebarebetekenis akkuraat uit een taal in ’n ander oor te dra in ’n bepaalde omstandigheids- of institusionele konteks. In onderwysverband geskied gesproke en/of gebaretolking gewoonlik in simultane vorm (intyds op die perseel, met monitering van uitsette en die handhawing van minimum sloertyd tussen die oorspronklike en getolkte boodskappe) en met behulp van dissiplinespesifieke terminologie. Hoewel simultane tolking normaalweg op die perseel geskied, met die tolke fisies in die klaskamer, kan dit ook aanlyn gebeur (waar die tolke en/of heelparty of alle deelnemers nie op die perseel aanwesig is nie) in die konteks van aanlyn leer en onderrig. Die doel van opvoedkundige tolking is om akademiese toegang en sukses in ’n pedagogies verantwoordbare, meertalige leeromgewing te fasiliteer. Dit is belangrik om daarop te let dat die begrip “simultane” tolking daarop dui dat die tolking intyds of direk geskied. |
| **Transtaligheid** | **Transtaligheid** is ’n versamelterm vir ’n konteks waarin meertalige persone die taalhulpbronne tot hulle beskikking gebruik om met mekaar en met tekste om te gaan om betekenis te skep. In klaskamerverband is die doel om leer deur middel van verskeie strategieë te verdiep, wat insluit, maar nie beperk is nie tot, oorskakeling tussen tale (*code switching*), vertaalpraktyke, dubbeltaligheid (*co-languaging*) en tolking, sonder enige poging om kommunikasie of omgang met tekste tot een taal of taalvariëteit te beperk. |

[3] Eie vertaling; bron is in Engels gepubliseer.

| | |
|---|---|
| **US** | Universiteit Stellenbosch |
| **Vertaling** | **Vertaling** verwys na die oordrag van skriftelike betekenis uit een taal in ’n ander in bepaalde omstandighede of ’n institusionele konteks. Die doel van professionele vertaling is om te verseker dat die bron- en vertaalde teks dieselfde boodskap oordra, met inagneming van die teksfunksie, die taalreëls, skryfkonvensies en idiomatiese gebruik van albei tale, en die tersaaklike terminologie. Professionele vertalings is goed afgeronde skriftelike produkte. Daar word onderskei tussen vertaling, synde die oordrag van skriftelike idees uit een taal in ’n ander, en tolking, synde die oordrag van idees wat mondelings of deur gebare gekommunikeer word (soos met Gebaretaal). |
| **VS** | **Verantwoordelikheidsentrum**, ’n verslagdoeningslynstruktuur wat aan ’n lid van die Rektoraat verslag doen. |